

9 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 10:16-25
Fokusgedeelte: Matteus 10:22

Soos 'n skaap tussen wolwe

Jesus oordryf nie, want in die loop van die kerkgeskiedenis het dit regtig gebeur. Veral in die vroegste eeue na Jesus se hemelvaart was daar Christenmartelare. Hulle het dit aan hulleself gevoel om soos 'n skaap tussen wolwe te wees. Hulle is gevang, valslik beskuldig, gemartel en doodgemaak. Deur die eeue het Christene hierdie haat teen hulle ervaar.

Dit kan ook met jou gebeur – spottaal wat skerp sny, 'n eenkant-toe-stoot net omdat jy 'n gelowige is. Ja, Jesus praat reguit taal. Duidelik spel Hy die werklikhede uit wat met jou as 'n Christen kan gebeur.

Dit is 'n Skrifgedeelte wat jou ontnugter en selfs kan bang maak, maar kyk mooi. Tussendeur is daar positiewe riglyne hoe om vas te staan en te oorwin. Heel eerste is daar die skaap tussen die wolwe (vs 16). 'n Skaap het niks om hom mee te verdedig nie – geen slagande en horings nie en ook nie spoed om weg te hardloop nie. Dit herinner daaraan om op God te fokus, want jy is totaal van Hom afhanklik. En jy moet slim wees deur versigtig soos 'n slang jou pad te kies en met die opregtheid van 'n duif mense se woede te versag.

Soms sal dinge vir jou donker lyk, maar sien die geleentheid raak om van Jesus te getuig (vs 18). As jy magteloos teenoor die spot voel, onthou die belofte van vers 19 en 20 dat God aan jou woorde sal gee. Bly getrou, bly volhard en bly vashou, want jy sal gered word. Die uitslag is reeds bekend – jy is in Christus 'n oorwinnaar.

Volg in die voetspore van Jesus wat ook soos 'n skaap tussen wolwe was. Soos 'n lam wat stom was, is Hy aan die kruis gespyker. Getrou het Hy sy opdrag uitgevoer. Jy is sy leerling en dit kan ook met jou gebeur. Maarten Luther het gesê: “As my Meester 'n kroon van dorings gedra het, wie is ek om 'n kroon van rose te verwag?”

Sing: Skrifberyming 6-2 (12):3

Dr. SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)